

6 September

Eksodus 17:8 -16

(Teks: 17:16) Geweld betaal nie

Ek dink nie dat enigiemand nie deeglik bewus is van die geweldskultuur in ons land nie. Die redes vir die geweld is veelvuldig. Geweld kan persoonlike voordeel meebring, of uit weerwraak gepleeg word. Dit kan 'n manier wees om vyande te vergeld of heeltemal sinloos wees.

Amalek was een van die seuns van Elifas, 'n kleinseun van Esau. Getrou aan die vloek wat op die nageslag van Esau gerus het, het die haat tussen die nasate van Esau en Jakob gegroei. Die Amalekiete was die eerste volk wat Israel na hulle uittog uit Egipte in die woestyn aangeval het. Hulle het die aanval op 'n gewelddadige manier van agter uitgevoer, sonder om hulle "aan God te steur". Maar God sal nie verdra dat sy wette afgelag word nie, en tree self toe tot die stryd.

Die gebruik van geweld is 'n bekende wyse waarop die mens in die moderne tyd sy stempel van krag op 'n samelewing wil afdwing. Die mens pleeg barbaarse wreedhede as 'n wyse om sy mag te bewys. Die mens streef daarna om "soos God" te wees en te kan heers. Die mens kan nie sy kamstige "almag" of krag gebruik om 'n nuwe wêreld of nuwe mense te skep nie. Daarom draai die mens na vernietiging as 'n wyse waarop hy sy aanspraak op mag kan handhaaf. Die krag lê daarin om pyn en vernedering te veroorsaak. En elke nuwe gewelddaad voed sy lus vir mag.

Die sieklike spiraal van geweld bring die woede van die Here na vore. Geweld is nie genesend nie; geweld moet uitgeroei word. Dis dan die rede vir die skerp uitsprake teen Amalek. Dieselfde afkeur aan geweld moet in die toepassing van wet en orde in ons land kenmerk. Die Here gee aan sy kinders die oorwinning, Hy regeer.

Sing Psalm 89:17 en 18 Ds. J. Lion-Cachet (Port-Elizabeth)